



**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II**

Tyd: 2½ uur

100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.
  2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:  
  
Afdeling A – Letterkunde (40 punte)  
Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (60 punte)
  3. Beantwoord slegs EEN voorgeskrewe werk in AFDELING A:  
Vraag 1 – 3: Zita – Anzil Kulsen  
OF  
Vraag 4 – 6: Kringe in 'n Bos – Dalene Mathee
  4. Beantwoord ALBEI afdelings.
  5. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
  6. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
  7. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
  8. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
-

**AFDELING A LETTERKUNDE****INSTRUKSIES VIR AFDELING A**

1. Beantwoord SLEGS die vrae oor die voorgeskrewe werk wat JULLE BEHANDEL het.
2. Beantwoord AL DRIE die vrae oor jou voorgeskrewe werk.
3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy.
4. Beplan jou antwoord eers deeglik voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
5. Doen die beplanning van jou antwoord op die bladsy aan die linkerkant.

Skryf die opskrif: **BEPLANNING** boaan. (**NB:** Jou beplanning in hierdie afdeling word nie bepunt nie – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.)

6. Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag neer.

**VOORBEELD:**


<u>BEPLANNING</u> (aan die linkerkant)	<u>VRAAG 1</u> (aan die regterkant)
---	--

**ZITA** – Anzil Kulsen

Oor hierdie roman is drie vrae gestel. Beantwoord AL DRIE vrae.

**VRAAG 1**

Lees die onderstaande uittreksel en wat daarop volg.



Drie maande is 'n lang tyd. Drie maande kan vinnig omgaan as 'n mens baie gelukkig is, maar hierdie drie maande was nie baie maklik nie.

Verdere inligting:

Dit is vir Zita baie moeilik om by die koshuis en die dorpskool aan te pas omdat dit so baie van Kieriekroek en sy omgewing verskil.

Die omgewing waar Zita grootgeword het, word in drie gebiede ingedeel, naamlik die lokasie, die Noodkamp en Kieriekroek.

**Opdrag:**

Verduidelik in twee of drie paragrawe waarom dit vir Zita **so moeilik was om by die nuwe skoolomgewing aan te pas**. (Jou paragrawe moet saam nie langer as 180 woorde wees nie.)

Gebruik en verwerk die onderstaande riglyne tot 'n geheel om die opdrag uit te voer:

- Sê kortliks hoe die drie gebiede in die omgewing waar Zita grootgeword het, van mekaar verskil.
- Sê hoekom so baie kinders in die Kieriekroek-omgewing dwelms gebruik en hoekom so baie tienermeisies swanger word.
- Dui die verskil aan tussen die studielokaal by Zita se nuwe skool en die manier waarop Zita in Kieriekroek geleer het.
- Daar is baie geriewe in die koshuis wat Zita-hulle nie by Kieriekroek het nie. Noem enige TWEE geriewe in die koshuis.

[10]

**VRAAG 2**

Die inhoud van briewe wat Zita lees en skryf, vertel meer van ander mense se lewens waarvan sy nie geweet het nie.



Vertel in 'n paar paragrawe **hoe verskillende briewe Zita se lewe geraak het.** (Jou paragrawe moet saam nie langer as 180 woorde wees nie.)

In jou paragrawe moet jy aandag skenk aan die volgende riglyne in briewe van Mona, Kashief Pillay en Zita:

- Wat het Kashief Pillay in sy brief aan Mona geskryf wat Zita ontstel het? Gee **twee** feite.
- Zita skryf 'n brief aan Kashief Pillay. Verduidelik in een sin hoe sy seker maak dat hy sal weet dat sy wel sy kind is. Noem ook een van haar vrese waarvan sy hom vertel.
- Mona is ontsteld toe sy Kashief se brief vir Zita neem. Verduidelik waarom sy so optree.
- Sê kortliks wat Kashief in sy brief aan Zita sê. Sê ook op watter manier hy dinge probeer 'regstel'.

[10]

**VRAAG 3**


Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord dan die vraag wat daarop volg.

"Ek was nog nooit op 'n troontjie nie!" Dit slaat Zita ding-dong teen die kop. Hoe verkeerd kan mense nie mekaar opsom nie?

In *Zita* word verskillende karakters verkeerd opgesom – een van die temas in die boek is: **Moenie ander mense te gou oordeel nie.** Jy moet hulle eers leer ken.


Gebruik die volgende ideekaart en skryf dan paragrawe waarin jy hierdie tema bespreek. (Volg die nommers 1 – 5 en skryf EEN paragraaf oor elkeen.)

**Jou opstel moet nie langer as 250 woorde wees nie.**



[20]

**40 punte**

**KRINGE IN 'N BOS** – Dalene Matthee

Oor hierdie roman is drie vrae gestel. Beantwoord AL DRIE vrae.

**VRAAG 4**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord dan die vraag wat daarop volg.

"Ek het 'n fout gemaak om terug te kom. Maar ek beskou my kort verblyf nie as totaal nutteloos nie. As ek nie teruggekom het nie, sou ek dalk die res van my lewe gewonder het of ek nie moes teruggekom het nie ... Daarom wag ek vir die *Pictor* om hierdie keer so ver as moontlik weg te kom."

Vertel in 'n paar paragrawe **wat Saul ervaar het** toe hy van Swellendam af terug in Knysna was. (**Jou paragrawe moet saam nie langer as 180 woorde wees nie.**)

Gebruik en verwerk onderstaande riglyne tot 'n logiese geheel om die opdrag uit te voer:

- Sê hoekom Saul Knysna 'n vorige keer verlaat het.
- Sê wat Saul nou in Knysna wou kom doen het.
- Wat het Saul by Crompton gehoor toe hy terug in Knysna gekom het?
- Vertel hoe die mense in die Bos gevoel het oor Saul se terugkoms in Knysna. Sê ook hoekom hulle so gevoel het.
- Saul het besluit om met die *Pictor* weg te gaan. Wat het hom so laat besluit?

[10]

**VRAAG 5**

Saul het toe nie saam met die *Pictor* weggegaan nie.

Skryf TWEE paragrawe waarin jy **vertel hoekom Saul nie weggegaan het nie**. Verduidelik ook wat Maska se rol daarin was. (**Jou paragrawe moet nie langer as 180 woorde wees nie.**)

In jou paragrawe moet jy aandag gee aan die volgende riglyne:

- Verduidelik waarom Saul nie met die *Pictor* weggegaan het nie.
- Verduidelik waarom Maska wou hê dat Saul moet omdraai en nie vir Oupoot skiet nie.
- Sê waarom Saul nie wou hê dat Freek Terblans Oupoot skiet nie.
- Waarom sê Saul dat Oupoot die verkeerde broer gekies het?
- Sê waarom Maska nie vir Saul vroeër vertel het wat sy plan was nie.

[10]

**VRAAG 6**


Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord dan die vraag wat daarop volg.

"Daar is baie dinge waarvan jy nooit wou weet nie. Die maklikste uitweg was om my skuldig te maak vir alles sodat jy nie nodig had om die bloubokkie se kop oop te kap nie! Jy's aan meer liegte verkwansel as waarvan jy ooit sal weet, Jozef Barnard!"

Saul kry die skuld vir baie dinge. Hy word byvoorbeeld as moordenaar, verraaier en spioen gebrandmerk.

Gebruik die volgende ideekaart en skryf dan paragrawe waarin jy verduidelik **waarom Saul die skuld vir soveel dinge gekry het**. (Volg die nommers 1 – 4 en skryf EEN paragraaf oor elkeen.)

**Jou opstel moenie langer as 250 woorde wees nie.**



[20]

**40 punte**

**AFDELING B      TRANSAKSIONELE SKRYFWERK****INSTRUKSIES VIR AFDELING B**

1. Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling.
2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy gedoen word.
3. Beplan jou antwoord eers deeglik voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
4. Doen die beplanning van jou vraag op die bladsy aan die linkerkant. Skryf die opskrif: **BEPLANNING** boaan.
5. Skryf die vraagnommer boaan jou finale antwoord, bv. **VRAAG 7**.

**VOORBEELD:**

<u>BEPLANNING</u> (aan die linkerkant)	<u>VRAAG 7</u> (aan die regterkant)
---	--

**LET WEL:**

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- kennis van vereistes van skryftaak
- interpretasie van opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- taalgebruik
- beplanning



**VRAAG 7 BRIEF**

Jy is nou amper klaar met skool en is besig om planne te maak vir jou toekoms.

Die volgende spotprent van Frans Esterhuyze het in *Beeld* van 28 Desember 2007 verskyn.



Jy het die volgende advertensie gesien en besluit om daarop te reageer:

**GRAAD 12'S, MAAK 2010 'N JAAR VAN GROOT DINGE!**

**Wat beplan jy vir 2010?**

- Is jou toekoms duidelik?
- Watter uitdagings wag daar vir jou ná al die jare op die skoolbanke?
- Oorweeg jy dit om 'n *gapjaar* te neem? Waarom/waarom nie?

**WAT MOET JY DOEN OM 2010 'N JAAR VAN GROOT DINGE TE MAAK?**  
Skryf 'n brief aan ons waarin jy ons vertel hoe jy jou toekoms buite die skoolmure sien.

**ONS BELOOF ...**  
om jou te help om **jou planne ten uitvoer te bring** indien j<sup>ou</sup> brief die keurders beïndruk.

Rig jou brief aan Linda Joubert, Posbus 763, Geluksdal, 1546

Beplan jou brief voordat jy die finale brief skryf.

Die inhoud van jou brief moet 150 – 200 woorde wees.

**VRAAG 8 DIALOOG**

Ouers en tieners verstaan mekaar nie altyd nie. Die volgende strokiesprent het in *Beeld* van 20 Februarie 2009 verskyn.



Lees die onderstaande situasie en voer dan die opdrag uit.

**Situasie:**

Jane en Carl is in matriek. Jane se ouers is baie streng en wil altyd weet waar sy is. Sy wou graag die motor leen en vir haar vriendin gaan kuier. Haar ouers wou dit nie toelaat nie.

Jane is baie moedeloos en het besluit om met Carl te gesels oor hoe onregverdig haar ouers is. Carl dink sý ouers is baie 'cool'. **Die twee maats gesels oor hul verhouding met hul ouers.**

**Opdrag:**

Skryf 'n dialoog tussen twee tieners waarin Jane vertel van haar verhouding met haar ouers. Jane voel soms haar ouers verstaan haar nie (gee voorbeelde). Carl probeer vir Jane raad gee oor haar verhouding met haar ouers.

**Vereistes:**

Elkeen moet minstens vyf keer praat. Die inhoud van die spreekbeurt moet saam 120 – 150 woorde lank wees.

Beplan jou dialoog voordat jy dit neerskryf.

[30]

**60 punte**

**Totaal: 100 punte**